# Dr Michael Le Cordeur ontvang die Kanselierstoekenning

"By die Universiteit Stellenbosch beloon ons graag uitnemendheid, en juis om hierdie rede word personeel vir buitengewone prestasie vanjaar vir die heel eerste keer met Kanselierstoekennings vereer," het Prof van Huyssteen, US se waarnemende Rektor en Visekanselier gesê.

Die Kanselierstoekennings fokus op volgehoue uitnemende prestasie in Navorsing en/of volgehoue uitnemendheid in Leer en Onderrig, en/ of volgehoue uitnemendheid in Gemeenskapsinteraksie. Dié toekennings word slegs eenkeer toegeken, en is by die onderskeie fakulteite se gradeplegtighede deur die Kanselier aan die ontvangers verleen.

Onder die eerste 15 akademici wie die toekenning ontvang het by die Desember-gradeplegtigheid, is twee akademici verbonde aan die Fakulteit, nl. dr Michael Le Cordeur en prof Yusef Waghid.

DR MICHAEL LE CORDEUR se verbondenheid tot die gemeenskappe waarin hy werk, sy toegewydheid tot individuele studente (soos Rachel's Angels-kandidate) en die bemagtiging van mense (soos die orkeslede van die Wellingtonse Klopse) weerspieël 'n diepgeankerde voorneme en betrokkenheid. Sy gemeenskapsbetrokkenheid voed en verryk sy onderrig van Afrikaans in die Fakulteit Opvoedkunde. Verder word dr Le Cordeur se statuur in die Afrikaanse taallandskap nasionaal en internasionaal erken en hy het verskeie toekennings in hierdie verband ontvang. Dr Le Cordeur het as voorsitter van die Afrikaanse Taalraad 'n groot rol gespeel om versoening binne Afrikaanse geledere te bewerkstellig. Op die kampus van die US word dr Le Cordeur, saam met Adam Small en NP van Wyk Louw, as 'n onvermoeide arbeider vir Afrikaans vereer. Dr Le Cordeur het reeds vyf rektorstoekennings agtereenvolgens verwerf en nou ontvang hy ook die US se hoogste eer: die kanselierstoekenning.